

## BYLAAG 6

### DIE IMPAK VAN TRAUMA OP DIE SOLDAAT EN VOORMALIGE SOLDAAT

Binne die Suid-Afrikaanse konteks is daar veral talle voormalige soldate wat worstel met onverwerkte trauma wat terug dateer na die destydse ‘bosoerlog’ op die grens van Angola en Namibië. Volgens die persoonlike getuienis van talle van hierdie soldate was daar nie voldoende ontlonting gedoen na afloop van die oorlog nie. Indien daar byvoorbeeld gelet word op die ooreenstemmende geskiedenis van ’n land soos die VSA met die talle oorloë wat geveg is sedert die sestiger jare dan is hierdie nie ’n vreemde verskynsel nie. Vanuit navorsing met betrekking tot die Amerikaanse situasie blyk dat daar heelwat parallels is en ook heelwat lesse is wat geleer kan word asook basiese beginsels wat toegepas kan word in die begeleiding van die getraumatiseerde soldaat – al is dit jare later.

#### • **Onderhoud van dr. Tim Clinton met Generaal Bop Dees**

Gedurende 2009 het dr. Tim Clinton, voorsitter van die *American Association of Christian Counselors* ’n insiggewende onderhoud gevoer met Genl. Bop Dees, wat die Direkteur van die *Military Ministry van Campus Crusade* in die VSA is – in hierdie gesprek het ’n aantal belangrike aspekte aan die orde gekom wat enersyds van toepassing is op die situasie in die VSA, maar andersyds netsowel toegepas kan word op die situasie van voormalige Suid-Afrikaanse soldate:

- Daar word bereken dat tot ongeveer 400,000 soldate van die Amerikaanse weermag na die Viëtnam Oorlog met die gevolge van

posttraumatiese stres geworstel het – sommige navorsers is intendeel van mening dat die getal tot soveel as een miljoen kan wees. 'n Mens kan gevolglik aanvaar dat die persentasie onder voormalige SA soldate ook baie hoog sal wees.

- *“There is nothing harder than loving a soldier.”* Daar word bereken dat elke getraumatiseerde soldaat 'n direkte invloed het op 10 ander persone rondom hom/haar.
- Uit die gesprek het geblyk dat die VSA op daardie stadium die hoogste selfmoord syfers ooit onder militêre personeel beleef het – gedurende 2009 het daar byvoorbeeld drie kapelane selfmoord gepleeg. *“People are losing hope and taking their lives.”*<sup>1</sup>
- Ongeveer 1 uit 5 manlike soldate wat terug kom, worstel met PTSD en 70% van vroue soldate.
- Selfs nadat soldate terug is vanaf die gevegsfront, word hulle gewoonlik deur middel van die nuusmedia herhaaldelik blootgestel aan her-traumatisering.
- Daar is die verhaal van die oorlog veteraan vanuit die Eerste Wêreldoorlog wat vir 57 jaar lank meeste van sy tyd voor die venster deurgebring het waar hy na buite getuur het en 'n totale onvermoë gehad het om op 'n dieper vlak emosioneel met sy gesinslede te bind – dit alles as gevolg van onverwerkte oorlogstrauma.
- 'n Faktor wat die risiko vir posttraumatiese stres soveel te meer verhoog, is die feit dat Amerikaanse soldate tot op daardie stadium telkens vir 15 maande ontplooi was. Teen hierdie

---

<sup>1</sup> Uit 'n verslag van CNN (Alarcon, 2017) blyk dat gedurende 2017 daar 22 voormalige soldate is wat daaglik selfmoord pleeg in die VSA.

agtergrond was daar dan soldate wat reeds vier tot vyf keer ontplooi was. Een vrou het gesê dat haar man vier van die vorige vyf jaar in die buiteland ontplooi was.

- Statistieke toon aan dat tydens die Tweede Wêreldoorlog slegs 18% van al die weermag personeel binne die voorste gevegslynies gedien het - tydens die Viëtnam Oorlog was die syfer 40-50%, en tydens die oorloë in Irak en Afghanistan het dit gestyg tot 68%.
- Vanuit vraelyste wat ingevul is deur voormalige soldate het die volgende syfers geblyk:
  - Diegene wat gesien het hoedat iemand sterf – 95%.
  - Diegene wat iemand persoonlik ken wat gesterf het of ernstig gewond
    - is – 87%.
    - Diegene op wie geskiet is – 93%.
    - Diegene wat aangeval is of in 'n hinderlaag gelei is - 85%.
- Vir die soldaat geld die reël: *“Readiness never takes a day off.”* As gevolg van bovermelde persentasies is die implikasie dat die soldaat op konstante gereedheidsvlak moet wees en gevolglik konstant stres ervaar – dit is dan ook een van die tipiese simptome van posttraumatiese stres. Een soldaat het vertel dat hulle basis aangeval is terwyl hy in die bed gelê het – selfs dáár was hy dus nie veilig nie!
- In die oorlog in Irak is 1,6 miljoen Amerikaanse soldate ontplooi – met die persentasies hierbo vermeld gee dit 'n idee van die groot getalle wat geraak is deur stres en trauma.

- Daar is bereken dat daar gedurende 2009 ongeveer 760 000 hawelose persone op straat was in die VSA – ongeveer ’n kwart hiervan was oorlogsveterane (190 000). Wat laasgenoemde groep betref, was bereken dat ongeveer 70% aan posttraumatiese stres gelyk het (133 000). Hierdie syfer kan egter baie konserwatief wees aangesien dit wil blyk dat ongeveer 40% van post-traumatiese stres gevalle nooit aangemeld word nie.
- Syfers soos hierdie beklemtoon ook maar net die feit dat die kerk tot dusver nie ten volle oor die vermoë beskik het om die wonde van die oorloë van die verlede te hanteer nie. Hierdie stelling sou weer eens van toepassing wees op die situasie in die VSA sowel as in SA.
- Die Militêre Bediening waarvan Genl. Bop Dees aan die hoof staan, se fokus is dan ook sterk daarop gerig om die voormalige soldaat te oortuig om weer andere te vertrou – om hom/haar te oortuig dat daar andere is wat werklik omgee, en hulle sodoende begelei na ’n punt waar hulle bereid is om ten volle oop te maak. “*We don’t want another Vietnam generation*” – dit sou vernietigend wees.
- Die vereniging van die *American Association of Christian Counselors* het gevolglik tesame met die Militêre Bediening van *Campus Crusade* ’n kurrikulum saamgestel met die oog op die omsien na en sorg vir diegene wat geraak is deur gevegstres en trauma – dit gaan om ’n 30-uur sertifikaat kursus wat oral deur die land (VSA) aangebied word. (Aan die einde van hierdie Bylaag word Internet webadresse verskaf met nuttige inligting en riglyne wat ook vanuit hierdie navorsing en ervaring vir die Suid-Afrikaanse konteks aangepas kan word).

- Binne die Amerikaanse weermag het geblyk dat die oorgrootte meerderheid van lede aan een of ander geloof verbind is – teen hierdie agtergrond is die vertrekpunt dan dat *geloofsgebaseerde oplossings* deurslaggewend is in die begeleiding van die getraumatiseerde soldaat. Binne die SA konteks sal hierdie ook 'n basiese vertrekpunt wees.
- Die model wat in hierdie proses ontwikkel is, word uiteengesit in 'n publikasie met die titel, *The combat trauma healing manual. Christ centered solutions for combat trauma*. Newport News, VA: Military Ministry Press. 2008. Die outeur is Chris Adsit, wat saam met sy eggenote, Rahnelle, beide leraars is wat betrokke is by die Militêre Bediening.
- Die Militêre Bediening van *Campus Crusade* het ook 'n reaksie sentrum van waar gereageer word op versoeke deur soldate [info@militaryministry.org]. Die publisering van bovermelde boek het voortgespruit uit die talle versoeke om hulp wat oor die jare by hierdie reaksie sentrum ontvang is. Voorbeelde hiervan is die volgende:
  - My man gaan binnekort weer ontplooi word vir die derde keer binne vyf jaar. Hy ly aan post-traumatiese stresversteuring. Stuur daarom asseblief enigiets wat vir hom, myself en ons drie dogters kan help. Dankie vir dit wat julle doen!
  - My skoondogter verrig tans militêre diens in Bagdad (Irak) en sy worstel beide met posttraumatiese stresversteuring asook huweliksprobleme – ek wil weet hoe ek haar kan help.

*TRAUMA: die meedoënlose vyand*

- My broer het onlangs terug gekeer vanaf Afghanistan en hy ly aan posttraumatische stresversteuring – ek begeer genesing vir hom.
- Ek is reeds vir 16 jaar getroud met 'n beroep soldaat. My man het vir 20 jaar diens gedoen in die Kanadese weermag. Hy het terug gekeer vanaf sy tweede besoek aan Afghanistan in September 2007 en het sedertdien ook diens gedoen in Bosnië en Ciprus. Fisies het hy huis toe gekom maar psigies het hy in die woestyn van Afghanistan gesterf. Uiteindelik het ons die ouderlinge van ons kerk gevra om vir ons te bid. Ons het ons verhaal van post-traumatische stresversteuring met hulle gedeel, asook die effek wat dit op ons gehad het. Hulle het vir ons hande opgelê en vir beide van ons gebid. Wow, wat 'n ongelooflike verskil het dit gemaak! Het ons reeds by volle genesing gearriveer? Nee. Maar deur die Here se genade beweeg ons in die regte rigting onderweg na heling.
- My seun het verlede jaar vanaf Irak terug gekeer en daarna alles verloor – sy vrou en sy seun. Hy bly nou by ons en ons worstel om maniere te vind om hom te help. Ons harte is elke dag gebroke vir hom. My moeder het hierdie week na jou geluister en ons weet dat hierdie 'n antwoord op ons gebede is. Daarom wil ons net baie dankie sê dat julle so omgee vir ons jong manne en vroue en ook ons gesinne. Mag God hierdie bediening ryklik seën want die nood is ontsettend hoog!
- Ek is 'n gestremde oorlogsveteraan wat net vir julle dankie wil sê vir julle bediening. God is besig om julle te gebruik om met 'n genesingsproses in my lewe te begin – baie dankie!

- Baie dankie vir julle bediening. Ek is 'n gestremde oorlogsveteraan uit die Viëtnam Oorlog en juis daarom het ek 'n besondere begeerte om andere te help om vrede en oorwinning in Jesus Christus te vind.
  - Ons het in ons kerk met 'n gebedsondersteuningsgroep begin nadat ons seun aangesluit het by die Spesiale Magte in 2004. Ons het talle getuienisse van God se beskerming oor diegene vir wie ons sedertdien in gebed ingetree het. Ons wil graag toerusting ontvang betreffende heling vir posttraumatiese stresversteuring aangesien ons tans twee gesinne het in ons gemeente wie se kinders in die weermag is en wat baie swaar kry – ons weet ook van ander jongmense wat op pad daarheen is.
  - Ek is 'n oorlogsveteraan uit die Irak Oorlog en ek het self intens geworstel met die gevolge van posttraumatiese stresversteuring. Die Here het gevolglik dit op my en my gesin se hart gelê om uit te reik na soldate wat tuis arriveer vanaf hierdie vyandige lande. Ons plaaslike gemeente is ook baie gewillig om ons te ondersteun in hierdie groot uitdaging binne ons gemeenskappe.
- Die inhoud van die boek, *The combat trauma healing manual. Christ centered solutions for combat trauma*, sien kortliks soos volg daar uit:
- *Where was God? Understanding the spiritual context of your trauma.*
  - *What happened to me? Understanding the physical/psychological context of your trauma.*

*TRAUMA: die meedoënlose vyand*

- *Where's the hospital? Constructing your healing environment.*
  - *How did I change? Remembering what happened.*
  - *How can I stand it? Processing your loss and grief.*
  - *How do I move on? Forgiveness received and given.*
  - *Who am I now? Rebuilding your identity.*
  - *How do I fight? Rebuilding your defenses.*
  - *How do I get across? Finding bridge people.*
  - *How do I get back to normal? Defining your mission.*
- Die Militêre Bediening van *Campus Crusade* is sterk daarop gefokus om kerke en gemeentes te mobiliseer deur toerusting en opleiding. Volgens Genl. Dees het hulle gedurende 2009 reeds 260 kerke besoek en toegerus. Die doelwit is dat hierdie kerke dan weer hande sal vat met plaaslike gemeenskappe in hul uitreik na voormalige soldate.
- By die kerk in New York City waar David Wilkerson vroeër was, is daar byvoorbeeld gedurende 2009 'n groep van 80 kerkleiers toegerus, en daarna weer 'n tweede groep van 500 vrywilligers. Hierdie aantal persone is vervolgens weer verdeel in sewe spanne wat aktief geraak het binne New York City. Dit het onder andere gelei tot behuising skemas vir oorlogsveterane asook aktiewe uitreik en bediening in drie hospitale vir veterane in hierdie gebied. Kort nadat 'n skip met 'n groot aantal terugkerende soldate in 'n stadium vasgemeer het in die hawe van New York, het een van die kapelane van die betrokke eenheid met 'n versoek om hulp hierdie betrokke kerk genader. Volgens hom was daar toe reeds 100 van hierdie voormalige soldate wat as bedelaars op



die straat rondbeweeg het. Hierdie groep is gevolglik in kontak gebring met die gemeente wat slegs 'n paar blokke vanaf hierdie eenheid was en daar kon onmiddellik na hulle uitgereik word. Afgesien van die emosionele begeleiding betreffende al die simptome van posttraumatiese stresversteuring sal tipiese aksies as deel van so 'n program insluit huwelik seminare, Bybelstudie en selgroepe en begeleiding ná 'n egskeiding.

- **Gevegstrauma (*combat trauma*)**

*Gevegstrauma* is 'n algemene term wat toegepas word op die stresvolle reaksies wat 'n soldaat kan beleef as gevolg van die trauma van geveg situasies.

Indien die simptome vir 'n maand lank sou voortduur dan word daarna verwys as *akute stres versteuring*. Indien dit vir drie maande en langer sou voortduur dan word daarna verwys as *kronies*. Indien die simptome eers na ses maande of later na vore kom dan sou dit verband hou met *vertraagde post traumatiese stres versteuring*. By sommige voormalige soldate het geblyk dat sodanige simptome eers 50 jaar later vir die eerste keer gemanifesteer het.

- **Gevegstrauma se invloed op gesinne, gemeenskappe, en veral die vrou**

Die verskynsel van sekondêre trauma is heel dikwels hier aan die orde. 'n Definisie hiervan is die volgende:

Die natuurlike gedrag en emosies wat 'n persoon sou kon beleef as gevolg van die wete/kennis dat 'n betekenisvolle ander persoon 'n traumatiese gebeure beleef of beleef het – ook die stres wat sou kon voortspruit deur hulp wat verleen word (of die

*TRAUMA: die meedoënlose vyand*

begeerte om hulp te verleen) aan 'n getraumatiseerde persoon of iemand wat ly. (vgl. Coetzer, 2004:200)

Die reaksies van die eggenote van 'n soldaat wat intens geraak is deur gevegstrauma, op haar man se trauma, kan gevolglik daartoe lei dat sy as gevolg van sekondêre traumatiese stres, self uiteindelik ook met al die simptome van posttraumatiese stresversteuring worstel. Indien daar nie hulp verleen word binne so 'n gesin en huwelik nie het dit al gelei tot egskeidings, selfmoord en selfs ook moord.

Wat betref die eggenote van die manlike soldaat het 'n belangrike boek in 2008 verskyn met die titel, *When war comes home. Christ centered healing for wives of combat veterans*, deur Chris Adsit, Rahnella Adsit en Marshéle Carter Waddell. Newport, VA: Military Ministry Press. [Die boek kan bestel word by <http://resources.militaryministry.org>]. In 'n resensie met betrekking tot hierdie boek word gewys dat die fokus veral is op die simptome van sekondêre trauma waarmee die huweliksmaat van die soldaat mag worstel, asook die impak daarvan op die gesin as geheel:

Insights from the medical and counseling community are wrapped in Biblical principles and combined with the shared experiences of wives who are veterans of their own husbands' PTSD struggles.

Hierdie boek begelei die vrou verder betreffende die volgende aspekte:

- Om te verstaan wat met haar man gebeur het - geestelik, psigologies en fisiologies
- Om begrip te verkry betreffende die mate wat haar man se trauma simptome 'n effek op haar mag hê.

- Om te leer hoe om op 'n positiewe wyse met aspekte rondom rou, verlies en vergifnis te deel, wat gekoppel mag wees aan haar man se posttraumatiese stres.
  - Om te leer hoe om haar eie 'plekkie van heling' te skep, haar eie ondersteuning netwerk in plek te kry en ook te weet wanneer en hoe om fisiese veiligheid te vind.
  - Om begrip te hê vir, en te fokus op haar ware identiteit in Christus.
  - Om te leer hoe sy kan bydra tot 'n milieu wat genesend is vir haar man.
  - Om te leer hoe om 'n veilige en gesonde milieu te skep vir haar kinders.
  - Om begrip te verkry betreffende die proses van aanbeweeg na 'n 'nuwe normale' situasie.
- **Die impak van gevegstrauma op vroue in die weermag**
    - Gedurende die Viëtnam Oorlog was 7500 vroue soldate betrokke.
    - Gedurende die Golf Oorlog was 41,000 betrokke
    - Gedurende die Irak Oorlog was 11% van alle troepe vroue gewees (182,000).
    - Uit 'n totaal van 27,000 voormalige soldate wat in die jongste verlede behandel is vir PTSD was 14% van hierdie getal vroue gewees.
    - Van vroue soldate wat hulp gesoek het tussen 2003 - 2009 het 20% simptome getoon van militêre seksuele trauma – onder mans was hierdie syfer 1,1%.

- **Praktiese riglyne aan beraders**

Die volgende aantal riglyne is uiters prakties en is 'n uittreksel uit Chris Adsit se bundel, *The combat trauma healing manual* (2008).

- **Aspekte wat nie bevorderlik is vir die gesprek nie**
  - “Ek verstaan – ek weet hoe jy voel.” Hierna sal so 'n berader soms geneig wees om foutiewelik 'n lyn te wil trek na 'n situasie wat niks met oorlog te doen het nie.
  - Om voor te gee dat ons al die antwoorde het.
  - Om te aanvaar dat ons presies weet waardeur hulle gegaan het.
  - Om met ons eie agenda en doelwitte die gesprek te betree.
  - Clichés en godsdienstige terminologie (*jargon*).
- **Dit wat wél van die begeleier/berader verwag word**
  - Om deursigtig te wees (Ek kan my nie indink wat jy moes deurgegaan het nie – ek is so jammer).
  - Om ons monde toe te hou en te luister.
  - Om begrip te toon en nie aanstoot te neem ten opsigte van militêre taal nie.
  - Om hulle harte te kan hoor.
  - Om nie geïntimideer te voel wanneer hulle uit woede reageer nie.
  - Om hulle uit te vra ten opsigte van hul ervarings.
  - Om erkenning en bevestiging te bied (*validation*).
  - Om aan hulle genoeg tyd te bied ten einde hul ervarings te prosesseer.

○ **Bykomende riglyne**

- Mans kommunikeer op hul beste wanneer jy iets saam met hulle doen.
- Maak ook gebruik van boeke met baie foto's.
- Wees versigtig hoe jy hulle fisies nader – moet nooit skielik van agteraf so 'n persoon nader nie.
- Meeste kom uiteindelik terug vanaf die slagveld, geestelik en emosioneel vol letsels en kwesbaar – *“We have to earn the right to speak about God.”*
- Selfs vir iemand met 'n sterk geloof is geveg situasies op die slagveld 'n geweldige uitdaging.
- Van kapelane wat terug keer vanaf die gevegsfront moet nie te gou verwag word om leiersposisies en rolle binne die kerk te beklee nie – ook hulle het tyd nodig om aan te pas.

● **Omvattende langtermyn begeleiding – drie fase plan**

○ **Fase 1: Groepsessies betreffende geestelike kwessies**

- Dit gaan hier oor 'n strategie van ses maande tot 'n jaar.
- Ontmoet een keer per week (verkieslik aanvanklik nie op 'n Sondag nie).
- Beperk die lengte van 'n byeenkoms tot nie langer as 1,5 uur nie.
- Die byeenkoms moet verkieslik plaasvind in 'n gebou wat apart of weg van die kerkgebou is (hulle worstel soms met intense skuldgevoelens betreffende die kerk en godsdiens).
- Onvoorwaardelike aanvaarding.

*TRAUMA: die meedoënlose vyand*

- Moet nie prekerig of te sterk konfronterend wees nie.
- Vermy klem op veroordeling of straf.
- Hou die groepe klein – nie meer as 10 persone nie.
- Enige onderwerp is aanvaarbaar.
- Geestelike kwessies sou aanvanklik bloot maar net verband kan hou met basiese vertrekpunte waarop iemand sy/haar lewe baseer.
- Sommige persone sou negatief teenoor God kon wees en selfs woede teenoor Hom ervaar.
- Talle sal aanvanklik nie tuis voel in 'n kerk nie.
- Talle sal veroordeel voel deur God en die kerk.
- Sommige sal sterk en onaanvaarbare taalgebruik besig.
- Talle sal opsetlik dinge sê om die aanwesiges te skok.
- Sommige sal met opset probeer om omstrede godsdienstige debatte te inisieer.

**Riglyne aan fasiliteerders**

- Weerstaan die versoeking om te wil preek of te onderrig (*teach*).
- Moedig ander groeplede aan om ook hul opinie te gee betreffende dinge wat gesê is.
- Identifiseer en beklemtoon basiese oortuigings namate dit tydens die sessie na die oppervlakte kom.
- Probeer om nie op 'n beterweterige wyse groeplede te korrigeer wat dinge sê wat ooglopend verkeerd is nie (almal in die groep besef dit in elk geval).

- Laat hulle toe om uiting te kan gee aan emosies (emosioneel te ventileer) – dit is terapeuties.
- Wees voorbereid op godslasterlike en onaanvaarbare onderwerpe wat geopper mag word en waarmee persone worstel – aanvaar dat hulle in elk geval met sodanige onderwerpe stoei.
- Skep 'n milieu waarbinne dit toelaatbaar is dat pynvolle en ongemaklike herinneringe vanuit die verlede telkens weer aan die orde mag wees.

**Sinvolle vrae en tegnieke vir die fasiliteerder**

- Watter fundamentele oortuigings waarop jy jou lewe baseer, is verander of aangepas as gevolg van jou ervaring met oorlog? (soos byvoorbeeld dat mense basies goed is; verrig goeie dade en andere sal dieselfde doen; God beantwoord altyd gebed...).
- In watter mate het jy verander sedert jy terug is vanaf die oorlog? Wat is anders aan jou nou?
- Dink jy dat jy vir altyd sal bly soos wat jy nou is?
- Watter veranderinge ten opsigte van waardes het jy beleef?
- Wat laat jou moontlik voel soos 'n monster?
- Watter waarde hou die feit dat jy 'n soldaat is vir jou in?
- Wat pla jou ten opsigte van die huidige fase van jou lewe, na die oorlog?
- Hoe hanteer jy die herinneringe en die spoke uit die verlede wat jou soms terroriseer?
- Wat doen jy wanneer jy emosioneel totaal afgestomp voel?

*TRAUMA: die meedoënlose vyand*

- Wat is die dinge wat jou werklik woedend maak?
- Hoe het die lewe jou verander?
- Waar pas God in jou lewe in tans?
- Is jy van mening dat mense naïef is? (die voormalige soldaat is dikwels van mening dat hy/sy iets verloor het).
- Rou jy oor die feit dat jy jou naïwiteit of onskuld verloor het?
- Wat dink jy het jy verloor?
- Hoe hanteer jy die twee onderskeie persoonlikhede wat jy nou het?
- Is jy van mening dat een van die twee persoonlikhede moet sterf of ophou om te bestaan?
- Is dit moontlik om tegelykertyd 'n soldaat en 'n Christen te wees?
- Wat impliseer dit vir jou dat jy geleer het om dood te maak en deel te wees van gevegsvoering en selfs moontlik daarvan gehou het?
- Hoe moeilik vind jy dit om te ontspan of te slaap?
- Is daar dinge wat jy nou haat om te doen, terwyl jy vantevore dit geniet het?
- Hoe het jou gewoontes betreffende die bestuur van 'n motor verander?
- Hoe het dit gevoel om vir die eerste keer weer in 'n kerk te wees?



- **Fase 2: Bybelstudie gefokus op gevegstrauma**
  - Een keer per week (nie noodwendig op 'n Sondag nie) vir ongeveer 1,5 uur, tesame met versnaperinge of 'n maaltyd.
  - Huweliksmaats kan ook die geleentheid bywoon.
  - Beweeg teen 'n pas wat in ooreenstemming is met die behoeftes van die groep.
  - Moenie klem plaas op die noodwendige voltooiing van die les nie.
  - Dit moet nie 'n lesing wees nie maar 'n interaktiewe groepaksie.
  - 'n Langtermyn ingesteldheid het meer terapeutiese waarde.
  - Hierdie aksie sou 'n voorloper wees tot uiteindelijke integrasie met kerklike aktiwiteite.
  - Hierdie is die fase om godsdienstige kwessies en onderwerpe te begin benader vanuit 'n Bybels/Christelike perspektief.
  - Laat hulle toe om vrae te stel.
  - Maak gebruik van die groeplede in die beantwoording van vrae.
  - Skep geleentheid vir persoonlike getuienisse van heling en vordering.
- **Fase 3: Integrasie by gereelde kerklike aktiwiteite**
  - Hou die feit in gedagte dat 'n groep wat te groot is die oorsaak kan wees van groot ongemak by persone met posttraumatiese stresversteuring.
  - Integrasie kan 'n proses van maande impliseer.

*TRAUMA: die meedoënlose vyand*

- Probeer om hulle geleidelik te integreer by kleiner fasette van die kerk soos Bybelstudie groepe, selgroepe, sending aktiwiteite, sport en ontspanning aktiwiteite.
- Aanvaar dat hulle heel waarskynlik direk na die betrokke aktiwiteit sal wil vertrek en ook aanvanklik nie gereed kerkdienste sal wil bywoon nie.
- Nooi hulle om eredienste by te woon wanneer hulle uiteindelik gereed blyk te wees.
- Sit by hulle tydens die erediens, maar laat hulle toe om op enige stadium tydens die erediens te vertrek indien hulle so sou verkies.
- Gee erkenning aan die vordering wat hulle reeds gemaak het en bemoedig hulle met betrekking tot hierdie aspek.

**Plooibaarheid**

- Hou in gedagte dat sommige van die fases soms kan oorvleuel.
- Sommige sou vinnig kon oor beweeg direk vanaf groep aktiwiteite na kerk bywoning en sodoende by Fase 2 verby gaan.
- Sommige sou moontlik nooit vantevore kerk bygewoon het nie en gevolglik stadiger aanpas.
- Sommige sou aanvanklik tydens 'n erediens woede ervaar en opstaan en uitstap.
- Bemoedig hulle en nooi hulle uit om voort te gaan met die proses van heling.
- Betoon baie liefde aan hulle en hul gesinne en bid vir hulle.

- Voorsien geleenthede tot huwelik verryking, gesin begeleiding en *retreats*.
- Voorsien riglyne en toerusting betreffende egskeiding.
- Voorsien riglyne en toerusting betreffende die posisie van die enkelloper.

- **Nuttige stof op die Internet**

By die volgende webadresse is nuttige riglyne en stof wat gratis afgelaai kan word ten opsigte van 'n bediening aan diegene wat spesifiek geraak is deur die trauma van oorlog:

- [www.militaryministry.org/get-involved/events.aacc-world](http://www.militaryministry.org/get-involved/events.aacc-world)
- [www.militaryministry.org/families/bth-tools/](http://www.militaryministry.org/families/bth-tools/)
- [www.ptshealing.org](http://www.ptshealing.org)